MPO Nuusbrief

Verteenwoordig en bemagtig die produsent **27 Janua**

Nestlé kondig ook produsenteprysverhoging aan

Nestlé het by verskeie ander melkkopers landswyd aangesluit deur produsenteprysverhogings met ingang van 1 Februarie 2012 aan te kondig. Nestlé-produsente sal tussen 37 en 45 sent per liter meer ontvang, op 'n basisprys van R2,70 tot R3,10 per liter. Mnr Bertus de Jongh, HUB van die MPO, het gesê dat die melk-tot-voerprysverhouding steeds te laag is, ten spyte van onlangse prysverhogings. Hy het bygevoeg dat die MPO van mening is dat produsentepryse in die omgewing van R4,00 per liter behoort te wees vir melkproduksie om volhoubaar te wees.

Hou die pos dop vir *Agricultural Outlook 2012*

Die MPO se mediamaatskappy, Agri Connect, het onlangs die *Agricultural Outlook 2012* uitgegee. Hierdie publikasie is deur ABSA geborg en bevat betroubare en omvattende statistiese en ekonomiese data en vooruitskattings met betrekking tot die internasionale en plaaslike ekonomiese- en landbouvooruitsigte. Dr Koos Coetzee, een van Suid-Afrika se toonaangewende ekonome, en mnr Ernst Janovsky, hoof van ABSA Agribesigheid, was verantwoordelik vir die samestelling van die publikasie, met bykomende bydraes deur mnre Dawid Snyman en Loffie Brand van ABSA. Mnr Bertus de Jongh het gesê die MPO is trots daarop om met 'n publikasie van hierdie kaliber geassosieer te wees, wat produsente in verskeie landbousektore sal help om gedurende die jaar wat voorlê ingeligte besluite te maak. Alle produsente sal 'n afskrif van die publikasie saam met die Februarie-uitgawe van *The Dairy Mail* ontvang.

Vooruitsigte vir melk positief

"Alle markaanwysers dui op hoër produsentepryse." Volgens dr Koos Coetzee dui faktore soos die gaping tussen produsente- en invoerpariteitspryse, die groei in die vraag na suiwelprodukte en verhoogde uitvoere alles daarop dat aansienlike opwaartse produsenteprysaanpassings op hande is. Dr Coetzee voeg by dat produsentepryse na verwagting in 2012 verder sal verhoog. Om meer hieroor te lees, <**kliek hier**>.

Verdere aksie teen laaggeprysde invoere

Tydens die maandelikse invoervergadering van die MPO en Agri Inspec is 'n minimale aantal suiwelprodukbesendinge op grond van die onrealistiese lae pryse vir doeaneklaring as 'n risiko met betrekking tot moontlike ongerymdhede geïdentifiseer. 'n Besending afkomstig vanaf Sjina is dadelik aan die Direktoraat: Invoer- en Uitvoerbeheer van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) gerapporteer, aangesien alle suiwelinvoere uit Sjina verbode is. Agri Inspec is versoek om in-diepte ondersoeke na die geïdentifiseerde risiko's in te stel. Sodra hierdie ondersoeke afgehandel is, sal verslae aan die ambassades van die betrokke lande en die relevante owerhede, soos die Internasionale Handelsadministrasie- kommissie, DAFF en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, oorhandig word, wat die nodige stappe sal neem. Verder is daar ook besluit dat

die MPO 'n vergadering met die Kompetisie Kommissie reël om die ontwrigtende uitwerking van laaggeprysde suiwelinvoere uit Ierland te bespreek. Die MPO beskou dergelike invoere as onmededingende optrede. Mnr de Jongh het gesê dat die lae vlak van onwettige en substandaard invoere toegeskryf kan word aan die volgehoue aktiwiteite van die MPO en Agri Inspec in die verband.

Loodsskolemelkskema vir 2012 skop af

Die loodsskolemelkskema wat deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye befonds word en deur die MPO gekoördineer en bestuur word, het weer op 18 Januarie 2012 afgeskop en verloop glad. In die Alice-omgewing in die Oos-Kaap, ontvang 1 100 leerders van agt skole elk 250ml melk per weekdag, terwyl melk ook aan 523 leerders van Katleho Public School in Qwa Qwa verskaf word. Agt toesighouersposte is ook as gevolg van die projek geskep en die MPO is deurlopend betrokke by die opleiding van toesighouers en die monitering van die distribusieproses by die skole. Dr Nico Schutte van die MPO se Cendel het gesê dat ander skole in die Oos-Kaap ook gretig is om ook aan die projek deel te neem en verskeie rolspelers in die suiwelbedryf het belangstelling in die uitbreiding van die bestaande projek uitgespreek. Tans word 'n projek om afvalmateriaal van die betrokke skole en die omliggende gemeenskap te herwin, oorweeg. So 'n projek kan inkomste genereer deur die verkoop van afvalmateriaal aan toepaslike ondernemings.

Samewerking met Jersey SA

Die MPO sal in die toekoms markinligting aan Jersey SA verskaf. Dit is op Dinsdag, 24 Januarie tydens 'n vergadering tussen dr Koos Coetzee en mnr Ray Verster, rasbestuurder van Jersey SA, ooreengekom. Dr Coetzee het gesê verdere samewerking tussen die twee organisasies word vir die toekoms voorsien.

MPO Noord bespreek belangrike sake

MPO Noord se streeksbestuur het Dinsdag vergader om sake van belang vir melkprodusente in die streek te bespreek. Onder leiding van mnr Joubert Fourie, voorsitter van MPO Noord, is kennis geneem van sake soos die onbevredigende stand van melkaantekeninge en veranderinge aan die struktuur en inhoud van produsentevergaderings is bepreek en goedgekeur. Verder sal strukturele opsies soos die vestiging van koöperatiewe strukture vir melkprodusente om hulle bedingingsmag te verbeter ook in 2012 op die agenda van produsentevergaderings geplaas word. Voorts is kennis geneem van die sukses behaal deur die Lichtenburg Suiwel Organisasie (LSO) om insetkoste te verlaag deur die aankoop van produkte namens MPO lede en MPO Noord streekbestuur het weereens hulle ondersteuning vir die inisiatief bevestig. Verslae vanuit die verskillende streke het almal aangedui dat melkprodusente onder finansiële druk verkeer as gevolg van ongunstige klimaatstoestande en hoë voerkoste. Besorgdheid is uitgespreek oor die negatiewe effek wat die aansienlike toename in die aantal diere wat tans geslag word op kuddegroottes het. Voorts het die vergadering saamgestem dat verdere opwaartse aanpassings in produsentepryse dringend benodig word

MPO-streekskoördineerders beplan 2012

Die MPO-bestuur en -streekskoördineerders het op Woensdag, 25 Januarie vergader om die strategiese rigting vir 2012 te beplan. Dit sluit verbeterde kommunikasie en kontak met melkprodusente op grondvlak in. Dié vergadering word minstens driemaal per jaar gehou en verskaf 'n platvorm vir die uitruil van inligting waar alle sake van belang vir melkprodusente op 'n streeks- en nasionale vlak bespreek word. Tydens Woensdag se vergadering was die fokus daarop om streeksverteenwoordigers op datum te bring met plaaslike en internasionale ekonomiese tendense, nuwe dienste beplan deur die MPO en terugvoer van die streke te ontvang. Die streekskoördineerders is bedank vir hulle dienste aan melkprodusente oor die afgelope jaar.

Top-5 kalfgrootmaakreëls

"Verbeterde kalfgesondheid is binne bereik van elke professionele boer, met

Neem asseblief kennis hierdie e-pos is nie gemorspos nie. Dit is 'n nuusbrief van die MPO aan u, die g
melkprodusent. ***www.mpo.co.za*** */ 012 843 5600*

Gepubliseer deur Agri Connect